



WEERKENNIS

Graad 5



Omgewingsvaardighede



15 ure



Doel

Die doel is om die Penkop en Drawwertjie:

- bewus te maak van die wonder van weersveranderinge.
- se kennis oor weerinstrumente uit te brei.
- bewus te maak van die invloed wat die weersomstandighede op ons bestaan het.
- toe te rus om uiterste weersomstandighede te hanteer.



Spesialisasievereistes

Om hierdie kentekene te verwerf, moet die Penkop of Drawwertjie die onderstaande vereistes nakom en volledig afhandel:

1. Die volgende weerinstrumente leer ken, weet waarom dit gebruik word en korrek kan lees:
 - Reënmeter
 - Anemometer (windmeter)
 - Barometer
 - Termometer
2. Ten opsigte van reën:
 - Op 'n landkaart aandui watter streke in ons land winterreëns kry, watter somerreëns, watter dele deur die jaar reën kry en watter baie min reën kry.
 - Kan verduidelik hoe die volgende gevorm word (baie elementêr): reën, dou, ryp, kapok, sneeu, weerlig en 'n reënboog.
 - Die oorsprong en belofte van die reënboog ken volgens die Bybel.
 - Die volgende wolksoorte uitken en korrek benoem: vlies-, mis-, reën-, stapel- en donderwolke.
 - 'n Eenvoudige reënmeter opstel en weet hoe om dit te lees, te noteer, en redes vir notering bespreek.
3. Ten opsigte van wind:
 - Die agt vernaamste windrigtings kan opnoem, in die natuur kan aandui en korrek kan plaas op 'n windroos.



Spesialisasievereistes

- Kan verduidelik hoe die plantegroei die heersende windrigting aandui.
 - Weet watter wind bring reën in sy omgewing.
 - 'n Eenvoudige windmeter opstel.
 - Die verhaal lees van Jesus wat die storm op die see stil gemaak het.
4. Ten opsigte van temperatuur:
- Kan noem watter omstandighede in sy eie streek skielike temperatuursveranderinge laat ontstaan.
 - Drie wenke kan gee om in baie warm weer in die veld op te tree.
 - Drie wenke kan gee om in baie koue weer in die veld op te tree.
 - Kan vertel waarom dit bo-op 'n berg kouer is as onder in 'n vallei.
 - Kan vertel waarom dit in die somer warm en in die winter koud is.
5. Maak kennis van die volgende vernietigende weersituasies
- Weet dat 'n sikloon, orkaan en tifofoon dieselfde gebeure beskryf, maar in verskillende dele van die wêreld verskillend genoem word.
 - Ken vyf interessante feite oor 'n orkaan.
 - Weet hoe 'n tornado van die sikloon, orkaan en tifofoon verskil.
 - Ken vyf interessante feite oor 'n tornado.
6. Maak uit herwinde materiaal twee van die volgende en beproef die aparate in die nodige weersomstandighede om te bepaal of dit effektief werk:
- Reënmeter
 - Barometer
 - Anemometer (windmeter)
 - Termometer
 - Eenvoudige vlieër of windmeul
 - Sonhorlosie
 - Plakkaat van verskillende wolksoorte



Aanbieding

- Vereiste 1. Probeer die instrumente bekom en gebruik dit tydens die aanbieding. Dit sal gaaf wees as 'n kenner die weerinstrumente kan kom verduidelik. Maak egter seker dat die persoon se inligting vir die jeuglede verstaanbaar is.



Aanbieding

- Vereiste 2. Gebruik 'n kaart van die Republiek van Suid-Afrika en vul die inligting met betrekking tot reënval daarop in. Aanvanklik sal prente of skyfies geskik gewees vir eerste kennismaking met verskillende wolke. Daar moet egter soveel as moontlik geleentheid gegee word vir uitkenning van die werklike wolke. Die lesings op die reënmeter kan ook op die reënkaart ingevul word. Reën en water is vir ons land broodnodig daarom is inligting oor water belangrik vir jeuglede om hulle so aan te moedig om water te bespaar.
- Vereiste 3. Maak gebruik van 'n skets van 'n windroos om die windrigtings aan te dui. Die waarnemings van plantegroei met betrekking tot windrigting kan in 'n tuin, 'n park of in die veld plaasvind. Hier kan 'n windkous opgerig word om slegs die windrigting te bepaal, nie die windspoed nie.
- Vereiste 4. Die doel is dat die jeuglid in staat moet wees om die kennis wat hy opgedoen het, so te gebruik dat hy deur na die wind, wolke en temperatuur te kyk, kan bepaal of byvoorbeeld 'n uitstappie wenslik is of nie. Die jeuglid moet ook die gevare beseef wat baie hoë of baie lae temperature inhou en ook weet hoe om onder sulke omstandighede op te tree. Die somer- en winterverskille word bepaal deur die stand van die son. Maak die aanbieding interessant met foto's en video's.
- Vereiste 5. Hierdie vereiste handel oor "storms" wat nie vir ons baie bekend is nie maar tog die nuuskierigheid prikkel. Die internet is 'n goeie hulpmiddel wat foto's, inligting en video's betref. Let daarop dat 'n sikloon, orkaan en tifofoon dieselfde tipe storm is maar verskillende name in verskillende kontinente het en as baie kragtige kringstorms voorkom. 'n Tornado is 'n verwoestende warrelwind wat uit die wolke tot op die grond sigbaar is as 'n lang, dun of tregtervormige buis. Op die grond word dit deur 'n stofwolk omring.
- Vereiste 6. Video's wat stapsgewys verduidelik hoe om dit te maak is vir die meeste van die appaarte beskikbaar. Die aanbieder moet verkieslik self 'n voorbeeld van die apparaat voor aanbieding maak sodat jeuglede 'n voltooid produk kan sien en die aanbieder kan bepaal hoe lank dit neem om dit te maak en watter materiaal die beste werk.



Hulpbronne

1. www.weathersa.co.za
2. Tydskrifte, koerante, plakkate, ou kalenders met natuurtonele
3. Sosiale Wetenskap-handboeke vir graad 5
4. Video's op die internet

E-pos enige voorstelle of kommentaar oor die spesialisasie aan hoofkantoor@voortrekkers.co.za.